# AGRONOMIE NAVORSINGSINLIGTING

PIONEER agronomy

## P2850BR

VRM: 128
Dae tot 50% blom: 60 tot 66
Fisiologies ryp: 131 tot 141

- Geel VTP-kultivar beskikbaar vir droëlandtoestande.
- Lang groeiseisoen.
- Aangepas by lae- maar veral hoë-potensiaal toestande.
- Meerkoppig en baie produktiewe spruite.
- Presteer op alle grondtipes, 0.91 tot 1.5 m rye.
- Plantdatum: November tot 20 Desember.
- Beste plantpopulasie: 25 000 - 32 000 p/ha hoë potensiaal, en 23 000 - 28 000 p/ha by lae-potensiaal toestande.

## BELANGRIKE AGRONOMIESE EIENSKAPPE

| Eienskap | Gradering |
|---|---|
| Staanvermoë | Goed |
| Opbrengspotensiaal | Goed |
| Meerkoppigheid | Goed |
| Kopplasing | Goed |
| Droogteverdraagsaamheid | Goed |
| Afdroging | Gemiddeld |
| Produktiewe spruite | Goed |
| Aantal rye | ±12 |

Goed / Gemiddeld / Swak

## SIEKTEVERDRAAGSAAMHEID

| Siekte | Gradering |
|---|---|
| Bruinroes | * |
| Grysblaarvlek | * |
| Noordelike blaarskroei | * |
| Stam- en wortelvrot | * |
| Kop- en pluimbrand | * |
| *Fusarium*-kopvrot | * |
| Diplodia-kopvrot | * |
| Gibberella-kopvrot | * |

Hoog / Gemiddeld / Laag

## OPBRENGS

Die swart lyn in die figuur hieronder verteenwoordig P2850BR gelykgestel aan nul in terme van kg/ha-verskil, relatief tot ander kultivars.

P2850BR is feitlik gelyk met beide DKC 80-40BR GEN en DKC 72-76BR wat met slegs 38 kg/ha (34 lok) en 21 kg/ha (38 lok) onderskeidelik beter is.

Relatief tot Pioneer-genetika klop P2850BR vir P2432BR met 287 kg/ha oor 38 lokaliteite. Teenoor P2432R wat in die Weste as noodmaatreël aangeplant word, presteer P2850BR gelykwaardig en verloor met 'n skrale 76 kg/ha oor 33 lokaliteite .

Dit dui op goeie genetiese vordering vir konsep 6, waar P2850BR as eerste VTP Pioneer-kultivar aanbeveel word.

# AGRONOMIE NAVORSINGSINLIGTING

PIONEER agronomy




## AGRONOMIE

Die meerkoppigheidsindeks by P2850BR is 2.43 (29 lokaliteite). Koppe is ewe groot en ontwikkel gelyk. P2850BR is 'n plant wat baie spruite vorm. Die spruite is 58% produktief wat dui op genetika met sterk uitdrukking in meerkoppigheid. Saailinggroeikrag is aanvaarbaar. Dit lei tot die eenvormige opkoms van saailinge wat die beste aanslag vir opbrengs as fondament verseker. Staanvermoë is uitstaande.

Plante is nagenoeg 2.2 meter lank met koppe wat vir sowat 47% van die plantlengte gedra word. Kopaanhegting is op 'n gunstige hoogte van 1.04 meter wat P2850BR maklik stroopbaar maak en tot goeie staanvermoë bydra.



| VTP | P2850BR |
|---|---|
| RC Konsep 6 | Weste totaal |
| Kleur | Geel |
| Toetsgewig kg/hl | |
| Vrugbaarheid (indeks) | 2.43 (29) |
| Saailing-groeikrag | A (5) |
| Staanvermoë | S |
| K/P-verhouding % | 47 (29) |
| Planthoogte (m) | 2.20 (29) |
| Kophoogte (m) | 1.04 (29) |
| % produktiewe spruite | 58 (29) |

The foregoing is provided for informational use only. Please contact your Pioneer sales professional for information and suggestions specific to your operation. 2022 data are based on average of all comparisons made over numerous locations through 2022. Multi-year and multi-location data are a better predictor of future performance. Do not use these or any other data from a limited number of trials as a significant factor in product selection. Product responses are variable and subject to a variety of environmental, disease, and pest pressures. Individual results may vary.


™ ® SM Trademarks and service marks of Corteva Agriscience and its affiliated companies. © 2022 Corteva.